

**1 Augustus**

**Psalm 103:1-14, (Teks: 103:14)**

***Toegevoegde waarde***

Belasting op toegevoegde waarde is 'n slegte werklikheid waarmee ons in Suid-Afrika maar vrede moet maak. Gelukkig geld hierdie belastingwet nie in die ekonomie van ons God nie, want Dawid sê dat hy ongelooflike waarde aan ons toegevoeg het. Vanself is ons maar stof, maar kyk wat doen Hy met ons: Hy vergeef ons sondes, genees ons siektes, kroon ons met liefde en ontferming. Sy liefde is so groot soos die afstand tussen hemel en aarde. Hy verwyder ons oortredinge van ons so ver as die ooste verwyder is van die weste. Hy ontferm Hom oor ons soos 'n vader oor sy kinders.

Ons is daaraan gewoond dat mense so iets vir ander doen as hulle belangrik of ryk of besonders is. Maar die Here sê in vers 14: HY doen dit "want" (ou Afrikaanse vertaling) Hy weet dat ons maar stof is. Dit is verstommend, want wat maak ons met stof? Ons vee dit uit, stof dit af, gooi dit weg. Ons bedink planne om dinge stofdig te maak. Niemand dink daaraan om 'n stoffabriek op te sit of 'n stofwinkel te begin nie. Maar ons God doen wonderlike dinge vir ons, omdat ons basies stof is.

Natuurlik: Hy het waarde aan ons toegevoeg toe Hy ons gevorm en met sy Gees lewendig gemaak het. En as jy nie kan glo dat jy werklik waarde het nie: God het sy enigste werklike kind, self God en nie stof nie, oorgegee aan die hel om dit vir jou wat glo moontlik te maak om te weet: "Ook ek is God se kind! Ook ek het waarde - ongelooflike toegevoegde waarde!" Dit is belastingvry, maar jy sal dit eers werklik kan geniet as jy leer om jou God en ander se waarde te ag en respekteer - met ander woorde om werklik lief te hê (Matt 22:34-37). So voeg ook jy waarde toe aan ander. En die wonderlikste ding is hoe meer jy dit doen - hoe meer word jy beeldraer van God - en hoe kosbaarder.

Ds. F.M. Dreyer (Noordrand)